

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die doodsangs van die Psalmskrywer en die doodsangs van Christus aan die kruis waarin Hy met Ps. 22 vers 2 openbaar wat die inhoud en rede vir sy ang is – godverlatenheid. In die werklike greep van die dood kan geen geliefde 'n mens help nie want die lewe is 'n gawe wat God alleen gee en neem. Die dood se magsgreep is om die betekenis van die lewe van begin tot einde te vernietig – om te wandel in die liefde van God. Die dood van sy dienaars is vir God geen geringe saak nie. Die dood kan en mag nie 'n einde maak aan God se liefde vir en van sy dienaars nie. Dan maak die dood God se liefde gering. Daarom het Christus die godverlatenheid van sondaars op Hom geneem sodat in die lewe en in die dood, God se dienaars steeds in sy liefde kan wandel. Christus se godverlatenheid maak dat God nooit klaar is met sy dienaars nie.

1. Lied 578:1,2,3.

Skriflesing: Psalm 116 en Matteus 27

Psalm 116:

“Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede. ²Hy het na my geluister toe ek Hom aangeroep het. ³Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp, ek het benoud en bekommerd geword. ⁴Toe het ek die Naam van die Here aangeroep: “Here, red my tog!” ⁵Die Here is genadig en regverdig, ons God ontferm Hom oor ons. ⁶Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos, maar Hy het my gered. ⁷Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen: ⁸U het my van die dood gered, U het 'n einde gemaak aan my trane, U het gesorg dat ek nie weer struikel nie. ⁹Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes. ¹⁰Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my ¹¹en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staat maak nie. ¹²Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my? ¹³Met 'n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam van die Here aanroep. ¹⁴My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk. ¹⁵Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie. ¹⁶Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al u dienaar: U het my vry gemaak. ¹⁷Ek wil U loof met 'n dankoffer, ek wil die Naam van die Here aanroep. ¹⁸My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk, ¹⁹in die voorhowe van die huis van die Here, binne-in jou, Jerusalem! Prys die Here!”

Matteus 27:45-54:

“⁴⁵Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. ⁴⁶Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? ⁴⁷Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: “Hy roep vir Elia.” ⁴⁸Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. ⁴⁹Maar die ander sê: “Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red.” ⁵⁰Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. ⁵¹Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. ⁵²Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, ⁵³en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. ⁵⁴Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing

God laat ons vir Hom leef – in lewe en sterwe

sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”

2. Lied 579: 1,4,5,6

PJ Kriel

23.09.2107

Teks: Psalm 116:15: *“¹⁵Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.”*

Tema: God laat ons vir Hom leef – in lewe en sterwe

1. Na die Here se dood aan die kruis kan ons as kinders van die Here nooit weer alleen in ons eie dood, of by die dood van ’n geliefde wees nie.

Want Christus is die lewende Here wat ons met Hom in sy menswees vandag in die hemel verenig en op so wyse insluit in die dood wat Christus gesterf het. In hierdie vereniging met die Here laat Hy ook in ons eie doodsoomblik en eie dood ons nog steeds deel wees van sy sterwe, dood en die lewe wat Hy vandag as mens leef.

Daarom staan ons as gelowiges altyd terselfdertyd by die begrafnis van ons geliefdes en by die dood en graf van Christus

Vandag staan ons by die begrafnis van tannie Maggie as ma, ouma, vriendin en medegelowige. Omdat sy verenig is met Christus, is dit wat met haar en ons deur die dood gebeur het, en dit wat vandag met haar hier gebeur, terselfdertyd deel van wat met Christus op Paasvrydag gebeur het.

2. Psalm 116 is die laaste lied wat die Here Jesus Christus saam met sy dissipels gesing het.

Na Hy met die pasga-ete die Donderdagaand die nagmaal ingestel het, net voor hulle uit die bo-vertrek uitgegaan het, en sy lyding en sterwe begin afspeel het, minder as 16 ure voor sy dood, het die Here saam met sy dissipels Psalm 116 gesing.

Terwyl Jesus dus Psalm 116 gesing het, dat God Hom uit die angs van die dood sal verlos omdat die dood van sy getroue dienaar nie vir God ’n geringe saak is nie, het die Here al die woorde van Psalm 22 in sy gedagtes vir sy eie dood voorberei:

“My God, my God, waarom het U my verlaat”, U geliefde Seun en U getroue Denaar!

Psalm 116 is die hartlike getuienis en dankbare lof oor God se beskerming en uitkoms uit doodsangs. Psalm 116 verwoord die doodsangs, dat nou omsluit die dood my. “Omsluit” is die beeld van ’n jagter se strik om die nek van ’n bok wat spartel teen ’n strik waaruit hy nie kan ontkom nie, in die wete van sy dood.

In die Psalm gaan dit waarskynlik oor siekte. Siekte so erg dat die Psalmkrywer weet: hier is ek nou in die mag van die dood. In hierdie siekte voel hy ook soos ’n bok wat in ’n strik vasgevang is en weet dat in sy gespartel met hierdie siekte is die dood die greep van ’n strik om sy nek.

3. In hierdie naby-doodservaring ontdek die Psalmkrywer die beperktheid van die mens se krag, maar veral ook die beperktheid van menslike hulp en menslike bystand.

Hy verwoord dit só in vers 10: *“¹⁰Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my ¹¹en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staat maak nie.”*

U mag nie hierdie woorde hoor as verwyt en verbittering teenoor die mense om sy siekbed nie. Hierdie ontdekking oor mense se hulp en bystand gaan nie oor verstoting, verlating of verwaarlosing van die Psalmskrywer deur geliefdes nie.

Ons kan juis die teendeel aanvaar: dit is in hulle poging om te help en by te staan, dat hy hierdie ontdekking oor die dood maak:

Net God gee lewe, net God beskerm en bewaar die lewe as lewe, omdat lewe 'n gawe is uit God se hand. God hou lewe in stand!

Daarom!

Waar die dood die lewe omsluit, kán mense niks doen nie, nie jy self wat in die mag van die dood ingaan, of ander wat bystaan nie. By die gee en neem van lewe, staan die mens magteloos teenoor die Here van die lewe.

Daarom is die ontdekking in hierdie doodsangs: elke mens sterf alleen. Dit is 'n alleenheid wat niemand in die oomblik van dood met jou kan deel nie, maak nie saak hoe lief, hoe naby of hoe teenwoordig geliefdes is nie.

Dit is die werklike angs van die dood!

Nie pyn nie, nie die verlies nie, nie die vernedering van magteloosheid nie, maar verlatenheid! Die lewe en almal wat lewe, raak vir my afwesig. En vir hulle as geliefdes wat vir my niks kan doen nie, raak ek ook vir hulle afwesig.

Dit is wat die werklikheid waarvoor die ervaring van die dood u as familie maar ook vir tannie Maggie gestel het: ons kan nie help nie. Ons bystand, teenwoordigheid sorg en liefde kan nie hierdie magsgreep van die dood waarmee ons sien dat sy spartel, breek nie. Ons moet net bystaan terwyl ons niks kan doen aan die angs vir die verlatenheid wat ons in en vir mekaar gaan wees nie. Sy nie meer met ons nie en ons nie meer met haar nie.

4. In sy doodsangs maak die Psalmskrywer nog 'n ontdekking oor die karakter van die lewe.

Hy verwoord dit in vers 9: *“⁹Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes.”*

Die bedoeling van die lewe wat hy in sy doodsangs ontdek, is nie die samesyn met mense, mag oor mense, sensasie of vermaak nie.

Die bedoeling van die lewe as lewe, is om voor God te wandel en met God te wandel. Hierdie wandel beteken om te leef in God se liefde as God vir jou as mens, en as sy dienaar.

Dit is die ontdekking oor lewe: dit is en bly net 'n gawe uit God en deur God, en die karakter van hierdie lewe soos God dit as gawe gee, is om voor en met God te wandel.

Die lewe is bedoel as lewe met God in sy Skepping. Dit is hoe en waarvoor God hierdie gawe aan ons gee – om met Hom as ons Skepper te wees en saam met Hom in sy liefde te leef.

5. Hierdie ontdekkings oor God bring die Psalmskrywer dan tot die geloofsbelydenis oor God: *“¹⁵Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.”*

Omdat God die gawe van lewe bedoel as lewe in sy liefde as God, kan die dood van sy dienaars nie 'n geringe saak wees nie. Want sou dit 'n geringe saak wees, sou dit God se liefde en daarom ook God self gering maak. Dit sou God iemand maak wat mense gebruik en weggooi met die magsposisie dat Hy soveel ander mense het, biljoene, wat Hom liefhet en moet dien, dat Hy regtig nie geraak is deur een nietige enkeling uit die kosmos wat nie meer daar is nie.

'n Mens kan maklik in hierdie vertwyfeling en wanhoop verval oor God, veral in siekte wat 'n doodsgreep op jou uitoefen. Die Psalmskrywer het self in hierdie vertwyfeling verval: *“Ek het gedink dit klaar met my”*, bedoelende, ek is vir God niks meer werd en ek gaan vir God niks wees nie. Hy sal aangaan en nog biljoene in my plek maak sodat ek in my geringheid net moet aanvaar ek en my dood beteken regtig nie baie vir God nie.

Die dood het hierdie werking: as Hy my laat sterf, dan laat Hy my vir 'n lewe in en met sy liefde verlore raak, en daarom ook vir 'n lewe in en met mense se liefde: dan is dit regtig klaar met my.

Maar hy in sy siekte en doodsangs die Here deur sy hele lewe anders leer ken. In die lewe het hy die Here leer ken wat ook hierin vir Hom goed is en aan Hom goed doen, wat sy weldade nie stop nie.

Daarom bely hy in geloof: die Here is genadig en regverdig!

6. Waar sien ons dat die dood van 'n dienaar van die Here vir Hom nie 'n geringe saak is nie?

U wat tannie Maggie se dood meegemaak het, sal weet dat die dood alles wat vir ons belangrik is, gering laat lyk. Die dood is so maklik en eenvoudig, nie dramaties nie, sommer net só! Sommer net so word alles wat belangrik en kosbaar was, niks nie. Sommer so gaan alles net weer aan asof jy nooit daar was nie en asof jy nooit nodig of belangrik was nie.

Daarom is dit 'n werklik diep indruk dat die dood van 'n mens vir God net nie so belangrike saak is nie. Sommer so net niks nie en sommer so gaan alles net aan sonder dat die wêreld daardeur geraak word.

Om na die dood self te kyk, sien 'n mens net een ding raak – as dit sommer net so is, dan is dit vir God ook sommer net onbelangrik, 'n geringe saak in al die volheid van

die lewe waarmee Hy besig is en Hy mee aangaan. Een wat nie daar is nie, is nie belangrik nie.

Dit is egter die verkeerde plek om te sien dat nie een van die Here se dienaars se dood sommer so onbelangrike en geringe saak is nie.

Dat die dood van sy dienaar wat in sy liefde leef nie vir God 'n geringe saak is nie, sien ons in die dood en opstanding van Jesus Christus.

In sy dood sien ons wat God met sy Geliefde Seun doen en laat gebeur: wanneer die Here aan die kruis uitroep *“my God, my God waarom het U My verlaat”*, dan doen Hy dit as dieselfde Christus van wie God die Vader by Christus se doop gesê het: *“Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.”*

7. Hoekom doen God dit?

Sy gunsgenoot, sy eie Geliefde Seun, Godverlate – bedoelende buite en sonder die liefde van God.

Hoekom op hierdie wyse doodgaan? Sodat ons kan weet dat ons dood geen geringe saak vir God is nie.

God se gunsgenote sal nooit weer hierdie dood wat Christus gesterf het, sterf nie: Godverlate, buite die liefde van God waarvoor die mens bedoel is nie.

Daarom sal geen gunsgenoot van God ooit weer ná Christus in hierdie doodsangs sterf nie: My God, my God, waarom het U my verlaat? Waarom is ek vir U liefde verlore?

Christus was die enigste wat in hierdie werklike angs gesterf het, sodat ons in ons doodsoomblik met die vaste wete kan sterf: die dood van 'n dienaar is nie vir God 'n geringe saak nie. Dit is so ingrypend in die bedoeling van God se liefde vir ons, dat Hy in Christus die doodsoomblik 'n oomblik gemaak het wat ons nie van sy liefde kan skei nie.

Paulus betuig dit in Romeine 8: ³⁷*Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.* ³⁸*Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte* ³⁹*of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

8. Vir God is die dood van sy getroue Denaar geen geringe saak nie. Dit is ons ook in die opstanding van die Here uit die dood. Toe die Here die woorde van Ps. 22 in sy gedagtes voorberei het:

“My God, my God waarom het U my verlaat”, was die lied Ps.116 wat hulle na die nagmaal gesing het, ook deel van die gemoed van die Here:

“⁶Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos, maar Hy het my gered. ⁷Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen: ⁸U het my van die dood gered, U het ’n einde gemaak aan my trane, U het gesorg dat ek nie weer struikel nie.”

Daarom het die Here nie aan die kruis uitgeroep: “Dit is klaar met my” nie. Selfs in sy werklike Godverlatenheid, was dit nie klaar met Christus nie.

In die opstanding van die Here uit die dood het God gewys dat die dood van sy Dienaar, Christus, geen geringe saak is nie. Hy het Christus weer as mens uit die dood opgewek om nooit weer te struikel nie, om nooit weer as mens in en deur die dood buite God se liefde te wees nie.

Hoekom?

Sodat geen dienaar van God ooit deur die dood vir God se liefde verlore sal wees nie. God is nooit klaar met sy dienaars as hulle sterf nie. God het die bedoeling van die lewe as gawe, soos Hy dit as lewe bedoel vir ons, heel gemaak: ons leef met God en die dood kan ons nie vervreem van die lewe met God nie.

Die gawe van God om in sy liefde te leef, bly vir ons behoue in en deur die dood heen:

So belangrik is dit vir God dat die dood nie ’n einde mag en kan maak van ’n lewe van sy dienaar in sy liefde nie. Die dood kan nie meer die wyse wees waarop God klaar is met sy troue dienaars nie.

9. Daarom moet ons as geloofsgenote, en u as familie van tannie Maggie, hierdie werklikheid in God se genade en goedheid vind:

“⁷Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen: ⁸U het my van die dood gered, U het ’n einde gemaak aan my trane.”

Die Here het tannie Maggie van die dood se mag gered: om niks te wees vir jou God en Skepper nie. Daardie mag van die dood het die Here op Hom geneem. Hy in haar plek die godverlate mens geword, wat die dood van haar sou gemaak het.

In haar vereniging met Christus het Hy met sy dood hierdie werklike mag van die dood om van haar vir God ’n geringe en onbelangrike maklik vervangbare enkeling te maak, gebreek. Die dood kan haar nie godverlate maak vandag nie. Hy het hierdie oomblik vir haar vernietig sodat sy vir altyd vir sy liefde as Here behoue kan bly.

Hy het haar deel van die ewige lewe gemaak: in lewe en sterwe wandel sy met God!

Haar en haar familie se lewe is ’n getuienis van God se troue liefde vir sy dienaars. Hoeveel kere het sy vir haarself, haar man, haar kinders en kleinkinders nie ook hierdie doodsangs beleef nie wat die Psalmskrywer verwoord: “bande van die dood het my omsluit.”

En deur haar hele lewe het sy elke keer gesien dat die dood van 'n getroue dienaar vir God geen geringe saak is nie. Hoeveel kere in haar lewe kon sy nie elke keer ook getuig nie:

“⁴Toe het ek die Naam van die Here aangeroep: “Here, red my tog!” ⁵Die Here is genadig en regverdig, ons God ontferm Hom oor ons.” ¹⁵Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie”.

10. Wat vir haar in die lewe waar was, was ook met haar dood vir haar waar.

Haar dood is vir God geen geringe saak nie en daarom is sy ingesluit in Christus se doodservaring van godverlatenheid, sodat in haar doodsoomblik sy nie buite of verlore was vir die liefde van God nie.

En dit is nou ook vir haar waar! Hy is nou vir haar God op so wyse dat die bedoeling van haar lewe nie deur haar dood vernietig is nie: om voor God te leef en met God te wandel.

Christus se dood is die wyse waarop sy nou vir 'n lewe voor God, steeds behoue is.

Sy is ook ingesluit in die opstanding van Christus op so wyse dat ons nou ook met sekerheid kan weet dit is nie klaar met haar as mens nie.

Dit is nie klaar met haar as mens nie omdat God nog nie klaar met haar as mens is nie. Net soos Hy nie met Christus klaar was toe Christus aan die kruis gesterf het nie. God het Hom as mens lewend na liggaam, siel en gees uit die dood laat opstaan, en deur ons eenheid met Christus, is sy ook net soos ons, bestem om as mens na liggaam, siel en gees uit die dood op te staan en op so nuwe wyse met God in sy liefde te wandel.

God het ons nie gemaak om in sy liefde te wandel en dan eendag met ons klaar te wees nie: die lewe soos God dit bedoel, kan nooit vir ons klaar wees nie.

11. U as familie moet hierdie rus in God vind wat die Psalmskrywer gevind het: in die bande van die dood is God nooit klaar met my nie.

Vind dit in God vir tannie Maggie. Sy is sy getroue dienaar. Hy is nie klaar met haar nie. Vind dit vir die geliefdes wat u as familie in hierdie paar weke aan die dood moes afstaan. God kan nie klaar wees met hulle wat in sy liefde geleef het nie.

Vind dit vir uself!

God het ons bedoel om altyd in sy liefde te leef voor Hom as ons God. Daarom is die dood van sy dienaars geen geringe saak nie. Dit is so belangrik vir God dat ons in sy liefde bly leef, dat Hy in Christus die godverlatenheid van die dood vernietig het.

Kom ons leef in dieselfde liefde waarin tannie Maggie vandag in die dood as mens steeds met God leef en wandel.

Wie God so in Christus vertrou, het die rus van God binnegegaan.